21 JANUARIE 2018

09:00 Erediens
Eric Scholtz

09:00 Kategese Gr 1 – 6 (begin in die kerk)
Registrasie en opening

09:00 Kleuterkerk

10:00 Snr. Kategese (Pelgrimsgroepe)
Ouer-inligtingsessie (meer hier ☞)

18:00 Aanddiens & Pelgrimsgroepe (Snr. Kategese)

Fay van Eeden
Ons doen lewe saam.
Snr. Kategese registrasie en opening

19:00 Snr. Kategese (Pelgrimsgroepe)
Ouer-inligtingsessie (herhaling van oggend se sessie)

19:00 Belydenisklas - opening
Ouers en jongmense ontmoet predikante in die saal.

28 JANUARIE 2018

09:00 Erediens
Immanuel van Tonder
Lynnwood Lewegewende Gemeente

09:00 Kategese Gr 1 – 6 (begin in die kerk)

Geen Kleuterkerk

18:00 Aanddiens & Pelgrimsgroepe (Snr. Kategese)

19:00 Belydenisklas

Ratanang:

Die **bestaande** groep Ratanang-lede gaan op 7 Februarie 2018 om 10:45 – 15:00 op 'n uitstappie na Hartebeespoortdam. Bevestig met Annatjie (072 146 8212) vir vervoer. ***Skakel asb. ook vir Annatjie indien iemand kan help met vervoer – dit sal baie waardeer word.***
Nuwe lede word genooi om byeenkomste vanaf 7 Maart om 14:00 in Koinonia te kom bywoon.

BELANGRIK OM TE WEET

Inligtingsessie vir Ouers (Gr 7-10)

Alle ouers van ons senior katkisante (graad 7 tot 10) word versoek om 'n kort inligtingsessie direk na die oggenddiens in die kerkgebou by te woon. Dié sessie word herhaal na afloop van die aanddiens. Let wel: inskrywings vir senior katkisante vind net na die aanddiens plaas. Bring asseblief 'n inskrywingsfooi van R50 saam.

Belydenisaflegging

Aansoeke vir Belydenisaflegging op 4 Februarie sluit 25 Januarie 2018. Alle aansoeke moet so gou moontlik by die kerkkantoor ingehandig word of e-pos dit aan bets@nglynnwood.co.za. Indien jy nog nie 'n vorm ontvang het nie, kontak asseblief die kerkkantoor 012 348 1245 of stuur 'n e-pos.

Ouers met jong kinders

Is u die trotse ouers van jong kinders. Wil u inskakel by 'n omgeegroep saam met ouers in dieselfde bootjie? Hier is 'n geleentheid. Belangstellendes is welkom om my te kontak: Stanley Strydom – 083 299 1090 of stanley.strydom@gmail.com.

Nuwejaarstee

Gasvryheidsbediening nooi almal hartlik uit na 'n Nuwejaarstee volgende Sondag na die diens in Koinonia. Al die dames in die gemeente sal gedurende die week 'n sms ontvang vir eetgoed vir die Nuwejaarstee. U meelewing word opreg waardeer.

Voorbidding:

Attie Snyman en familie, The Rand 310, Menlopark, 082 807 1656 – Hein oorlede. Begrafnis is Sondag 12:00 in die kerk.

Die week se kalenderaktiwiteite

Dinsdag:	**Bybelstudie** 08:15 (Nerina Deale, Elveramstraat 51, Lynnwood Glen, 012 361 1896) – Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572. **Bybelstudie** 08:30 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. **Bybelstudie** 19:15 (Koinonia) – Immanuel van Tonder 012 361 4072 / 083 540 6015.
Woensdag:	**"Young couples"-omgeegroep** 19:00 – Fay van Eeden 083 478 0854.**Skole open.**
Donderdag:	**Bybelstudie** 09:30 (Lynnwood Oord). **Jong Volwasse-omgeegroep** 19:00 (Sjêk) – Fay van Eeden 083 478 0854.
Vrydag:	**Gebedsgroep** 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke. **Bybelstudie** 08:15 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959.

Bewys van Lidmaatskap:

Pieter, Dorothy en Sean Smit, Glenlettahof 18, Ilkeyweg 70, Lynnwood Glen, 072 393 2896.
Jaco en Lizbe Swanepoel, Bronbergpark 25, Denneboomweg 600, Die Wilgers, 066 222 2224.
Antoinette, Luka, Cale en Eli Ruyter, Camellialaan 81, Lynnwoodrif, 082 786 6806.

Vervoer:

Benodig dames en/of mans om te help met vervoer van Lynnwood Oord-inwoners na Glen Fair winkelsentrum die 1ste en 3de Woensdag van elke maand. Skakel asseblief die kerkkantoor indien u bereid is om te help.

Oop vir die Oomblik:

'n Jaarkursus in 'n lewe van volbewuste teenwoordigheid, a*angebied deur die Sentrum vir Spiritualiteit o.l.v. dr. Willem Nicol en ds. Immanuel van Tonder*. Die kursus bestaan daaruit dat jy in 'n groot mate uit jou eie ervaring leer, ook tuis met huiswerk wat ons gee. Die kursus word op Donderdagaande aangebied, een keer per maand: 15 Februarie, 1 Maart, 22 Maart, 19 April, 24 Mei, 21 Junie, 19 Julie, 23 Augustus, 20 September, 25 Oktober, 22 November, plus een Saterdagoggend 24 Februarie. Plek: Kapel van NG Kerk Stellastraat, h/v Stella- en Olivierstraat, Brooklyn.
Inskrywings: stuur 'n e-pos aan finansies@stellastraat.co.za met jou naam en kontak besonderhede.
Koste: R600 vir 12 geleenthede, materiaal ingesluit.
Bankbesonderhede: NG Ring, ABSA, 9328323743.
Verwysing: teenwoordigheid, van, noemnaam.
Finansiële ondersteuning beskikbaar.
Navrae: Immanuel van Tonder 083 540 6015, immanuelvt@gmail.comm of Willem Nicol 083 966 7831, wnicol@mweb.co.za.

Jakaranda Liggiesfees:

Baie dankie vir almal wat ondersteun, gehelp en bygedra het met die koffiestalletjie. Ons het ruim R32 000.00 verdien vir Huis 6!! Dit was 'n lekker gemeenteprojek.

Dankoffers:

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder, elektroniese oorplasing NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za of *Snap Scan*.

Snap here to pay
SnapScan

Kontak van die week: Vrees, 'n nodige reisgenoot vir 2018

'n Nuwe jaar lê voor ons uitgestrek. 'n Jaar vol potenisaal, nuwe geleenthede en uitdagings, maar ook baie onsekerhede. Onsekerhede het die manier om vrees by ons wakker te maak.

Sommige sal sê dat daar nie vir vrees in 'n gelowige se lewe plek is nie. Sommige sal sover gaan as om te sê dat gelowiges vreesloos moet leef. Die outeur Elizabeth Gilbert verskil met die laasgenoemde. Volgens Gilbert is die mens nie bedoel om vreesloos te wees of te word nie. Ons het juis hierdie basiese oorlewingsmeganisme nodig.

Alhoewel ons vrees nodig het, belemmer dit soms ons vermoë om voluit te leef. Vrees hou ons soms terug. Hoe nou gemaak? Wat maak ons met ons vrees?

Vrees en voluit leef is onlosmaaklik van mekaar. Wanneer ons met entoesiasme die lewe tegemoet gaan, neem vrees ook 'n tree vorentoe. Daarom is dit belangrik om vir vrees ruimte te maak in ons lewens.

Gilbert maak gebruik van die metafoor van 'n reis. Sy stel voor dat ons aan die lewe dink as 'n “roadtrip” wat ons saam met verskeie reisgenote onderneem. Dink vir 'n oomblik aan 2018 as 'n reis wat jy onderneem, en sê sy, maak daarmee vrede dat vrees hierdie reis gaan meëmaak. Nie net gaan vrees saam op hierdie reis nie, vrees het ook 'n belangrike taak om te verrig op hierdie reis. Nooi dus vir vrees saam op die reis van 2018, maar lê vir vrees die reisreëls neer: “Vrees - jy mag saam kom op hierdie jaar se reis, maar weet jy gaan agter sit in die motor van my lewe. Jy mag nie aan *googlemaps* vat nie of enige ompaaie voorstel nie, maar bo alles mag jy onder geen omstandighede agter die stuurwiel van my lewe klim nie.” Nadat jy vir Vrees die leviete voorgelees het kan julle vertrek op die opwindende avontuur van 2018.

Miskien som Madiba dit die beste op: *“I learned that courage was not the absence of fear, but the truimph over it. The brave man is not he who does not feel afraid, but he who conquers that fear.”*

Mag jy aan die einde van die jaar terugkyk na 'n goeie reis saam met onder andere jou reisgenoot Vrees.

Groete
Fay (namens die Predikantespan)

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asseblief ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die Info-toonbank na die oggenddiens vir enige

EK BIED MY GAWE AAN:

Naam _____

Selfoonnommer _____ **Landlyn nommer** _____

E-posadres _____

Kort beskrywing van Gawe

_____

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)

_____

_____ _____

Handtekening **Datum**

*** Handig asseblief in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.
*** Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan helplift@nglynnwood.co.za

Gemeenskap

Vakature gevra: Dringend opsoek na werk, asseblief! Vol- of deeltyds – kan binne 24 uur begin werk. Ervaring in huise oppas. Oppas van ouer mense wat hulp benodig. Beskikbaar vir datavaslegging of diens by 'n *Call Centre*. Het ook ondervinding as makelaar (JSE) en Koöp. Adviseur. CV met verwysings beskikbaar. Skakel of *whatsapp* asseblief vir Werner Erasmus 072 172 2351 indien u kan help.

Ruim 3 slaapkamer huis te huur in Waterkloof. Twee badkamers, hoofslaapkamer *en-suite*, TV-kamer, sitkamer, eetkamer, kombuis met opwaskamer en spens. Pypsteel eiendom met swembad. Onmiddellik beskikbaar. Skakel Yvette van den Berg 083 452 4368.

Twee slaapkamer tuinwoonstel, semi-gemeubileerd, te huur in Lynnwood. Vir meer inligting skakel asseblief vir Yvette van den Berg 083 452 4368.

Kennisgewingsborde: Indien u 'n kennisgewing op die borde wil plaas, bring dit asseblief na die kerkkantoor of Info-toonbank – baie dankie vir u samewerking in dié verband.

Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

Byderhand: Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of
SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333.
Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos customercarep@tshwane.gov.za.
Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Water probleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of
e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Watermeterlesings (deurgee) – rooster vir 2018 beskikbaar by www.tshwane.gov.